

# 1. Waarom goud waardevol is?



- Goud is 'n edelmetaal. Ander 2 is platinum & silwer.
- Duursaamheid – Dit verroes nie onder normale omstandighede nie.
- Buigsaamheid – Die buigsaamste van alle metale.
- Konduktiwiteit – Goeie geleier van elektrisiteit & hitte.
- Hitteweerkaatsing – Kan hittestrale weerkaats. Dus baie waardevol as 'n hitteskerm in ruimtepakke en voertuie.
- Kleur – Goud is een van min metale (soos koper) wat gekleur is, wat dit ideaal maak vir juweliersware.



## 2. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand

- In 1872 het Edward Button goud op die plaas Spitskop in die Z.A.R. ontdek.
- In 1886 is 'n 2de, veel groter neerslag van goud in die Witwatersrand aangetref.
  - die plaas van Langlaagte.
- Dié ontdekkings het S.A. verander tot die land wat die meeste goud têr wêreld produseer!



# 2.1 Hoe goud ontgin word

## Oopgroefmynbou vs Ondergrondse mynbou



Self-studie  
bl.113

## 2.2 Hoe is die toestande ondergronds?

Self-studie  
bl.114



## 2.4 Trekarbeiders

- Daar was 'n enorme aanvraag na goedkoop arbeid.
- Afrikane is werk op die myne belowe in ruil vir lone en verblyf, maar hulle moes kontrakte onderteken wat hulle gedwing het om vir 'n aantal jaar op die myne te werk.
- As swart trekarbeiders by die myne aangekom het, is hulle in **kampongs** geplaas.

## 2.4 Trekarbeid (vervolg)

### **3 Maatreëls is ingestel om swart trekarbeid by die myne verder te beheer:**

1. Pässe is uitgereik. Dié het hulle gekeer om hul kontrakte vroeg te eindig OF om van een myn na 'n ander oor te gaan.
2. Swart vakbonde was verbode.
3. 'n Dopstelsel is begin: Deel van hul salaris is met alkohol betaal. Dit het gelei dat hul later afhanklik van alkohol word.

## 2.5 Las op vroue in die reservate en verval van gesinne

- Die lewe vir die families van die trekarbeiders het sonder die mans se hulp baie swaar geword. Daar was 'n toenemende las op vroue in die reservate en die gesinstruktuur het begin verval.

## 2.6 Geskoolde & ongeskoolde werkers

- Diepmynbou was nuut in S.A. en ervare werkers was nodig.
- In 1897 het geskoolde werkers (meestal werkers vanaf oorsee ingevoer) £18-22 p.m. verdien, terwyl ongeskoolde myners (meestal Afrikaners) £ 2-3 p.m. verdien het.



# Self-studie

- 2.6.1 Die rol van vakbonde
- 2.6.2 Werkreservering
- 2.7 Wetgewing teen Indiërs
- 2.8 Vorme van arbeidsweerstand
- 2.8.1 Die Industrial and Commercial Workers' Union



Bl.120 -122  
(Lees net deur)



## 2.6.1 Die rol van vakbonde

- 1897- wit mense in Randfontein begin staak = swart lone verminder en so ook wit.
- Steun van vakbonde het staking versprei= lone toe nie verander.

## 2.6.2 Werkreservering

- Kleurslagboom- bepaalde werke vir wit mense gereserveer.
- Eerste kleurslagboom= 1893
- Die wet was bedoel as 'n veiligheidsmaatreël om ongelukke te voorkom. Omrede die ongeskoolde werkers keer om geskoolde werk te doen.
- Beteken was sinloos vir swart werkers om vaardighede aan te leer.

## 2.7 Wetgewing teen Indiërs

- Arbeid was nodig om suikerbedryf uit te brei.
- Eerste Indiese arbeiders in 1860 aangekom
- Begin uitbrei tot die binneland.
- Nedersettings begin vestig tussen Johannesburg en Durban = regering bekommer en daarom was wetgewings ingestel. Vb op bl 121

## 2.8 Vorme van arbeidsweerstand.

Toestande in kampongs het tot arbeidsweerstand gelei.

- Drostery: myners het van myne weggeloop.
- Sloerstakings: werkers het stadig gewerk.
- Boikotte: Werkers het begin werk op spoorweë i.p.v myne.
- Stakings: werkers het gestaak. Geweier om te werk.

## 2.9 Die stad Johannesburg

- Die goud wat op die Langlaagte ontdek is, het gelyk asof dit nooit sou opraak nie. Dié goud het baie regoor die wêreld gelok!
- Nuwe winkels & huise (van sinkplaat) is byna oornag opgerig. Dit het spoedig 'n lewendige stad met kroeë, winkels en verversingslokale geword.
- Johannesburg het eers in 1928 amptelik 'n stad geword, maar is reeds in 1886 as 'n dorp opgerig.
- Binne 10jaar was dié reeds die grootste in S.A. en het selfs die groei van Kaapstad oortref, wat 200jaar ouer was!

# Huiswerk: Akt 6 Bl. 123-124

## Aktiwiteit 6 Interpreteer bronne

**Geskiedkundige vaardighede:** Soek toepaslike inligting; vergelyk bronne.

Werk op jou eie. Bestudeer die bronne en beantwoord dan die vrae.

1 Bestudeer **BRON 5** op bladsy 122.

1.1 Waarom dink jy sê Selothe Thema die vestiging van Johannesburg is 'n keerpunt vir die hele vasteland?

1.2 Watter boodskap probeer dié foto oor Johannesburg in 1886 oordra?

1.3 Beskryf wat jy op dié foto sien.

1.4 Gee dié foto 'n gepaste titel wat dit die beste sou beskryf.

1.5 Hoe staan Johannesburg vandag bekend?

2.1 Lig die verskille in dié bronne uit.

2.2 Hoe het die ontdekking van goud mense se lewe in Johannesburg verander?

2.3 Watter boodskap het die fotograaf met dié foto probeer oordra?

2.4 Dink jy Johannesburg trek steeds aandag van die res van die wêreld? Waarom?

2 Vergelyk **BRON 5** en **BRON 6** hier onder.

Bestudeer!

### 3. Die minerale revolusie:

#### ‘n keerpunt in S.A. se geskiedenis

- Hierdie het ‘n beweging in alle rassegroepe van plattelandse na stedelike gebiede veroorsaak. Dié mense was op soek na werk.

#### 3.1 Die verskuiwende magsbalans

- Dit het begin met die Britse stappe om S.A. te verenig na die ondergang van die Boererepublieke in die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) en is verstewig met die Unie van S.A. in 1910 & die **Naturellegronswet** in 1913.

## 3.1.1 Ondergang van die Boererepublieke in 1902

- In Oktober 1899, het die Suid-Afrikaanse oorlog (of Anglo Boere-Oorlog) tussen die Boere en Britte begin.
- Aanvanklik was die Boere suksesvol, maar in 1900 het nog Britse soldate in S.A. aangekom en die Boere is toe verslaan in 1902.





# 3.1.1 Ondergang van die Boererepublieke in 1902 (vervolg)



## Konsentrasiekampe

In dié oorlog het Herbert Kitchener, die Britse bevelvoerder, Boerevroue en -kinders na konsentrasiekampe aangekeer, waar meer as 20 000 van hulle aan siektes gesterf het.

Die konsentrasiekampe vir Boerevroue en -kinders is wyd veroordeel. So byvoorbeeld is Franse meegevoel duidelik in dié prent uit 'n Franse tydskrif wat destyds uitgegee is.

(Bron: *Le Petit Journal*)

Hanboek bladsy 126

## 3.1.2 African Political Organisation: 1902

- Gestig deur W. Collins en J.W Tobin.
- Vir die belang van die bruin mense.
- 1905- dr. Abdullah Abdurahman as president van APO gekies.
- Hoofdoel: om bruin onderrig te verbeter en stemreg vir bruin mense kry.
- Was teen die kleurslagboom.

### 3.1.3 Transvaal Indian Congress: 1903

- In 1903 deur Mahatma Gandhi gestig.
- Gehelp om weerstand te bied teen die wetgewing teen indiërs.
- Gandhi het regte gestudeer in Engeland.

## 3.1.4 Bambatha-rebellie: 1906

- Die koloniale owerhede het 'n kopbelasting van £1 ingestel vir die bestaande hutbelasting om swart mans aan te moedig om die gelde ekonomie te betree.
- Bambatha kaMancinza was leier van die amaZondi- stamgroep van die Zoeloes.
- Was teen die instelling en insameling van die nuwe belasting.
- Hutbelasting: Vorm van belasting waaraan koloniale owerhede Afrikane onderwerp het.

# Bambatha vervolg

- Bambatha het met klein mag van ondersteuners, met 'n reeks guerrilla- aanvalle op die Britte begin.
- Britte het egter meer vuurkrag gehad en die guerrillas verslaan. Feb 1906- April 1906.
- Bambatha het gesterf in die geveg, maar sy ondersteuners het steeds geglo hy was lewend en het aangehou veg.
- 3000 – 4000 Zoeloes is doodgemaak en meer as 7000 opgelsuit

## 3.1.5 Stigting van die Unie van S.A

- Op 31 Mei 1910 is die bogenoemde gestig onder Britse dominium.
- Hierdie was presies 8 jaar nadat die Verdrag van Vereeniging geteken is, wat die Anglo Boere-oorlog beëindig het.

## 3.1.6 Stigting van die **South African Native National Congress**

- In 1912 het teenkanting teen die Naturellegrondwet tot die stigting van dié gelei.
- Hernoem tot die **African National Congress (ANC)** in 1923.




### 3.1.8 Die Naturellegrondwet van 1913

- Dit was die eerste belangrike stuk wetgewing wat die Unieregering aanvaar het.
- Dit het swart Suid-Afrikaners van “wit” S.A. uitgesluit d.m.v. elke “stam” ‘n eie reservaat te gee. Dié reservate het altesaam net 7% van die grond in S.A. beslaan.
- Dié wet het die hoeksteen van apartheid gevorm toe die Nasionale Party aan bewind gekom het.



# 3.2 Kaart van Suider-Afrika: 1860 en 1913

- Interaktiewe kaarte op bl. 129 in e-boek!



Kliek die (?) vir die instruksies.



VERSKUILDE  
PRENT

00:00 00:00

Eenheid 2:

Handboek bladsy 112 - 129

Goudmynontginning op groot dieptes aan die Witwatersrand vanaf 1886



Einde van  
Onderwerp 4  
Eenheid 2

Powerpoint aanbieding geskep deur:

Mnr L Taute

ltaute@hsmontana.co.za